



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

GEDRAGSKODE VIR OUIERS / VOOGDE

Hiermee verklaar ek _____ die volgende:

1. Ek besef dat dit 'n voorreg is om kind(ers) by Privaatskool Elnatan te laat studeer.

Daarom belowe ek:

- Om my finansiële verpligtinge teenoor die skool stiptelik na te kom sodat die skool kan voortbestaan en groei.
2. Ek verwag die beste van my kind(ers). Daarom gaan ek my beste vir my kind(ers) gee deur:
 - Hulle te ondersteun en aktief belang te stel in hul prestasies en vordering.
 - Altyd konsekwent op te tree.
 - Hulle aan te moedig om hard te werk vir sukses.
 3. Privaatskool Elnatan het 'n trotse naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:
 - Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
 - Om 'n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde.
 - Om professioneel aanvaarbare gedrag en voorkoms te handhaaf tydens skoolsaamtrekke, sportbyeenkomste en enige ander byeenkoms waar leerlinge van Privaatskool Elnatan teenwoordig is.
 4. Ek is 'n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:
 - My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor die personeel, leerlinge en ander ouers.
 - Die skool se leiergroep ondersteun en verskille op 'n volwasse en vreedsame manier aanspreek.
 5. Dissipline is die grondbeginsel van elke kind se ontwikkeling. Ek ondersteun hierdie beginsel en onderneem om:
 - Betrokke by die skool en sy aktiwiteite te wees.
 - Konsekwent en billik te wees in die toepassing van dissipline.
 - My te weerhou van impulsiewe optrede en uitsprake in die hitte van die oomblik.
 - Nie my kind(ers) se waardigheid te krenk of hulle te verneder voor ander nie.
 - Die skoolreëls te bestudeer, te respekteer en aan my kind(ers) te verduidelik.

6. Privaatskool Elnatan gee 'n ereplek aan God en Sy Woord. As 'n ouer van hierdie skool strewe ek ook die Christelike lewensbeginsels na en onderneem om:
- My kind(ers) te lei volgens die Woord.
 - Die Christelike grondslag van die skool te erken en dit saam met my gesin op 'n waardige wyse uit te leef.